

Woensdag 12 April

Skrifgedeelte: Markus 14:3-9 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Markus 14:3b, 9; Matteus 26:13

Oral waar die evangelie in die hele wêreld verkondig word, sal daar vertel word ...

In Matteus en Markus se Evangelies word hierdie gebeurtenis voor die laaste paasmaaltyd geplaas. Johannes plaas dit egter 'n week vroeër, net voor Jesus se triomfantlike intog in Jerusalem. Lukas plaas 'n dergelike insident veel vroeër in Jesus se bediening (Luk. 7:36-50). Dit mag wees dat Matteus en Markus hierdie gebeurtenis juis hier geplaas het om aan te toon hoe groot die kontras was tussen hierdie vrou se oorgawe en liefde en Jesus se verraad deur Judas, wat in albei die Evangelies daaropvolgend vertel word.

Volgens Johannes was hierdie vrou Maria, die suster van Marta en Lasarus, wat in Betanië gewoon het (Joh. 12:1-3). Volgens Matteus, Markus en Lukas was sy egter 'n onbekende vrou.

Tydens Jesus se reis besoek Hy Betanië waar Hy deur 'n vrou gesalf word. Waarskynlik was dit *nardusolie* wat van die wortels van die nardusplant in Indië gemaak en ingevoer is. Dit was baie kosbaar, eg en nie verswak of gemeng nie. Die albastefles het 'n nou nekkie gehad. Al die olie in die fles moes gebruik word. Dit kon nie weer toegemaak word en vir later gehou word nie. Die waarde is op 300 silwerstukke gestel – 'n arbeider se dagloon, en die geld kon vir armes gegee word.

Die vrou het “vooruit al” Jesus se kop en liggaam daarmee gesalf as voorbereiding vir sy begrafnis. Die vrou het deur haar daad te kenne gegee dat Jesus Koning is. Sy begrafnis is nie die einde nie. Sy evangelie *sal* in die hele wêreld verkondig word.

Sing: Psalm 19:1 (2001)

Dr. PW (Pieter) Bingle (Emeritus)